

## Wapenrusting 4 Vir wie glo jy? (Skild van geloof).

Ons is vanaand by die vierde wapen wat die Here vir ons gegee het in ons geestelike oorlog. Ons het al gekyk na die **waarheid as gordel om ons heupe**, waar ons gehoor het ons moet **weet wat die waarheid is en gereed en gewillig wees om daarvolgens te lewe**. Ons het gehoor van die **borsplaat van geregtigheid**, ons moet weet dat **Jesus ons heilig gemaak** het en dat ons dan al **hoe meer heilig moet begin lewe**. Gisteraand het ons gehoor van die **Evangelie van vrede as skoene aan ons voete**, dat ons vas moet **staan op die waarheid dat Jesus die vrede** tussen ons en God **herstel het**, dat God ons **volmaak liefhet** en dat ons daarom die verantwoordelikheid het om **mekaar lief te hê**.

Vanaand kyk ons na die **skild van geloof**. Die vorige drie wapens trek ons aan, maar die volgende drie wapens is wapens wat ons moet optel of opneem om te gebruik. Die eerste wapen wat ons moet optel is die skild van geloof. Nou die skild waarvan Paulus hier praat is die groot skild wat die Romeinse soldate gebruik het. *Ek wys gou vir julle 'n video wat duidelik wys hoe hulle die skild gebruik het.*

Hierdie skild is veral gebruik wanneer die vyand hulle pyle op die soldate afgevuur het. Met 'n pyl en boog kon jy die vyand op 'n afstand doodmaak, maar wanneer die Romeinse Soldate saamgewerk het en hulle skilde gebruik het, kon die pyle niks aan hulle doen nie. As die pyle afgevuur word, het die soldate eenvoudig agter hulle skilde weggekruip en nader beweeg.

Nou skryf Paulus dat ons 'n geestelike skild het, naamlik ons geloof. Nou wat is geloof? Ons kry in Hebreërs 11:1 die Bybelse definisie van wat geloof is: **Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.**

**Kinderslot:** Geloof beteken dat jy doodseker is van iets, selfs al kan jy dit nog nie sien nie. Kom ons kyk gou hoe groot julle geloof is. Ek soek 'n vrywilliger.

- Glo jy dat hierdie stoel sterk genoeg is dat jy op die stoel kan gaan sit?
- Hoe weet jy dit?
- So, jy weet die stoel is sterk genoeg en jy vertrou dat die stoel jou gewig gaan kan dra, is ek reg?
- Jy glo dus iets wat jy nog nie sien gebeur nie. Nou kom ons kyk of dit wat jy glo waar gaan word.

**Hoe het jy geweet die stoel gaan jou hou?** Want jy het al voorheen op 'n stoel gesit. Jy het sekere kennis en ervaring van vorige kere wat jy op die stoel gesit het, is ek reg? Nou geloof werk presies dieselfde. Hoe meer kennis en ervaring jy van God het, hoe makliker gaan dit vir jou wees om Hom te vertrou.

Geloof bestaan dus uit twee dinge:

1. **Kennis:** Geloof is nie 'n sprong in die duisternis nie. Jy kan net glo as jy kennis het van dit wat jy glo. Kennis beteken jy weet iets. As jy nie weet wat jy glo nie, kan jy eintlik nie glo nie. So hoe meer kennis jy het oor God het, hoe makliker is dit om Hom te glo. Hoe meer jy van

God weet en leer, hoe beter jy God self leer ken, hoe makliker is dit om te glo. Maar geloof bestaan uit nog 'n element, en dit is:

2. **Vertroue:** So kennis is jy weet dat hierdie 'n stoel is, jy weet dis 'n stoel en omdat jy weet wat 'n stoel doen, kan jy op die stoel gaan sit. Jy vertrou dat die stoel sal doen waarvoor dit gemaak is. Jy vertrou dat die stoel nie gaan breek as jy daarop gaan sit nie.

In ons verhouding met die Here werk geloof so:

Jy leer wat die Bybel ons oor God leer en dan vertrou jy dat dit waar is. Jy gaan sit op die stoel in die wete dat dit nie onder jou gaan padgee nie. Jy weet God het jou lief en jy vertrou dat dit so is, dat dit waar is, omdat dit in die Bybel so geskryf staan. **Kinders kan gaan inkleur.**

So hoe werk geloof as skild? Wel, ons weet nou al dat ons met die duiwel in 'n oorlog gewikkel is, en een van die dinge wat die duiwel doen is om ons te laat twyfel oor wat ons van Jesus glo. Hy doen alles in sy vermoë om ons te laat wonder oor ons geloof. Hy laat ons wonder of God ons liefhet. Hy sal ons laat wonder of ons dit wat in die Bybel staan ernstig moet neem.

Hy gebruik slegte situasie in ons lewens en sê vir ons die slegte dinge gebeur, omdat God nie regtig lief is vir ons nie. Soms loop dinge so skeef in mense se lewens dat hulle regtig wonder of God nog vir hulle omgee. En wanneer ons sonde doen, dan sal die duiwel ons probeer oortuig dat God nie ons sondes sal vergewe nie. Die hoof manier waarop die duiwel ons aanval met sy pyle is om ons geloof te probeer steel.

Hy wil nie hê ons moet weet wat in die Bybel staan nie. Hy sal alles in sy vermoë doen om ons te keer dat ons die Bybel lees en as ons dit wel lees doen hy alles in sy vermoë om ons te oortuig dat ons nie dit wat in die Bybel staan ernstig moet neem nie. Hy gaan ons probeer oortuig dat ons nie moet doen wat ons in die Bybel lees nie en dat ons nie dit wat die Bybel ons oor God leer kan glo of vertrou nie.

Ons neem die skild van geloof in ons hande wanneer ons ten spyte van dinge wat skeef loop in ons lewens en al die leuens van Satan, bly glo en vertrou dat dit wat ons in die Bybel van God leer waar is. Vriende, hoe beter jy vir God ken, hoe beter jy die stories van die Bybel wat ons vertel van hoe God mense in die verlede gehelp het ken, hoe makliker is dit om te bly glo, selfs al lyk dit nie asof dinge reg wil kom nie.

Kom ons kyk bietjie na vers 16: **Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus.** Hier sien ons duidelik wie skiet die vurige pyle op ons af: die bese. Letterlik staan daar, die slegte een, of die bese een. Hier word duidelik van die duiwel gepraat.

Nou wil ek net weer iets herhaal wat ek vroeër die week gesê het. Die duiwel weet dat as ons skoongewas is met die bloed van Jesus en sy kinders geword het, is ons verlossing gewaarborg. Jesus het ons met sy bloed skoongewas en die Heilige Gees is die waarborg dat ons verder sal ontvang wat aan ons beloof is. Die duiwel weet dit, maar hy weet dat as hy ons kan mislei, as hy

ons kan versoek om sonde te doen of as hy ons aan kan kla, dan maak hy ons kragteloos en steel hy ons vrede, vreugde en soms ook ons geloofsekerheid.

So hy gaan alles in sy vermoë doen om vir ons oor 'n klomp goed te jok. Ons het mos gehoor dat hy die vader van die leuen is. Hy probeer om ons te laat wonder oor of ons seker kan wees van ons verlossing. Hy gaan probeer om ons te laat wonder of dit wat die Bybel ons oor God leer waar is. Hy gaan probeer om ons te laat wonder of God regtig vir ons kan sorg, veral wanneer dinge moeilik gaan of teenspoed ons tref.

Sy taktiek behels altyd dat Hy God verdag maak, of dat hy sonde afmaak as iets wat nie so ernstig is nie. Hy gaan ons probeer versoek en verlei om sonde te doen en wanneer hy dit regkry om ons te laat sondig, dan draai hy net daar om en begin om ons aan te kla. Kom ons neem 'n voorbeeld wat ek dink die meeste mense al oorgekom het.

Dis Sondagoggend. Jy het die vorige aand laat in die bed gekom. Jy word wakker en jou gedagtes klink min of meer soos volg: ek gaan nie vanoggend kerk toe gaan nie. Die Here sal verstaan dat ek moeg is en dit tog nie so belangrik om kerk toe te gaan nie. Jy draai om en slaap verder. Na 'n ruk besef jy dat jy nou regtig te laat is om kerk toe te gaan. Die volgende oomblik kom daar 'n diepe skuldgevoel by jou op. Die gedagte kom by jou op dat iemand wat ernstig is met die Here bly nie weg van die kerk nie. Jy word aangekla dat jy onwaardig is om 'n kind van God te wees. Jy voel skuldig en aangekla en onwaardig om 'n kind van die Here te wees.

Sien jy die duiwel se taktiek. Hy versoek ons tot sonde, of mislei ons en die oomblik wanneer ons oortree verander sy taktiek en begin hy ons aankla en beskuldig.

Wanneer dinge skeefloop of die spanning oor jou finansies kry jou onder, dan gaan hy jou laat wonder of God hierdie keer ook gaan sorg. Of hy gaan jou laat wonder of jy in die moeilikheid is oor iets wat jy verkeerd gedoen het. Die Duiwel wil nie hê dat jy seker is van jou verlossing nie en hy wil ook nie hê dat jy seker moet wees oor God se liefde en al God se beloftes nie.

Hy gaan oor en oor vir jou laat wonder: Hy gaan soos hy vir Adam en Eva gesê het ook vir jou vra: Het God regtig gesê? So gaan hy die een pyl na die ander na ons afvuur en elke keer as hy 'n pyl na ons afvuur moet ek en jy die skild van geloof in ons hande neem en agter die skild skuil.

Hoe doen ons dit? Wel jy moet eerstens weet wat die Bybel ons oor God en sy sorg leer. Jy moet ook goed weet dat jy deur jou geloof in Jesus se kruisdood sekerheid van jou verlossing het. Jy moet die inhoud van hierdie Boek ken en jy moet dit wat hierin staan met jou hele menswees as die waarheid vertrou. Jy moet vertrou dat Joh 10:10 waar is.

- Hoe beter jy weet wat jou nuwe identiteit as kind van Jesus is, hoe beter sal die skild van geloof opneem.
- Hoe beter jy God se beloftes ken, hoe makliker gaan jy elke keer kan kies om te bly glo.
- Hoe beter jy die Bybelstories ken van hoe God vir sy kinders al gesorg het, hoe makliker is dit om God te vertrou.
- Hoe beter jy vir God ken, hoe makliker is dit om te bly glo en vertrou.

- Hoe meer jy die pad saam met ander gelowiges loop, hoe makliker gaan jou geloof staande bly.

Dink maar weer aan die video van die Romeinse soldate wat saamgewerk het om hulle skilde teen mekaar te hou. Hoe beter hulle saamwerk, hoe veiliger sal almal wees. Net so werk ons geestelike lewe ook. Daarom behoort gelowiges altyd aan 'n kerk te behoort en moet ons almal eintlik ook deel wees van 'n kleingroep, sodat ons mekaar se geloof sterk kan hou.

Ek deel by die deure 'n lys uit wat jy in jou Bybel kan sit of jy kan dit memoriseer sodat jy dit as skild kan gebruik wanneer die duivel weer jou geloof probeer steel. Ek het vir baie lank in my lewe 'n soortgelyke lys oor en oor vir myself voor die spieël geles, totdat ek dit werklik begin glo het.

Die Here laat toe dat ons geloof getoets word. Dink maar aan Job se storie in die Bybel. Petrus leer ons in 1 Petrus 1 dat ons bly moet wees wanneer geloof getoets word:

**3Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Nou het ons 'n lewende hoop 4op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word. 5En omdat julle glo, word ook julle deur die krag van God veilig bewaar vir die saligheid wat reeds gereed is om aan die einde van die tyd geopenbaar te word. 6Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle 'n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings 7sodat die egtheid van julle geloof getoets kan word. Julle geloof is baie kosbaarder as goud, goud wat vergaan. Selfs die suiwerheid van goud word met vuur getoets, en die egtheid van julle geloof moet ook getoets word, sodat dit lof en heerlijkheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus. 8-9Hom het julle lief, al het julle Hom nie gesien nie. Deur in Hom te glo, al sien julle Hom nou nie, het julle reeds deel aan die saligheid wat die einddoel van julle geloof is. En dit vervul julle met 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap.**

Ek onthou hoe ek baie jare terug deur 'n fase gegaan het waarin ek baie afhanklik was van ervaringe in my verhouding met die Here. Toe gaan ek deur seker 'n periode van drie jaar waarin ek niks beleef of ervaar het nie. Alles het vir my dood gevoel. Ek het niks beleef van die Here nie.

Toe kom hou ds Etienne Maritz Pinkster en ek het baie met hom daaroor gepraat. Sy antwoord aan my was dat die Here verwag dat ons Hom op sy Woord moet neem. As dit in die Bybel staan dan moet ons dit eenvoudig glo. Jy moet eenvoudig glo dat dit wat die Bybel ons oor God leer waar is. Hy het gesê wat ek voel of beleef bepaal nie die waarheid nie, maar wat in God se Woord staan.

Dit het vir my in my geloofslewe oneindig baie beteken. Ek kan met alle eerlikheid sê dat ek nie meer ervaringe en belewenisse nodig het om te glo nie. Dit sal altyd baie lekker wees, maar ek het dit nie nodig nie. Ek het geleer om eenvoudig te glo wat ek in die Bybel van God leer.

- As die Bybel sê God het my lief, dan moet ek dit glo.
- As die Bybel sê God is getrou, dan kies ek om dit te glo.

- As die Bybel sê ek moet vergewe, dan vergewe ek.
- As die Bybel sê, gee jou 10des, dan gee ek my 10de.
- Wat die Bybel ook al leer moet ek glo en vertrou dat dit waar is.

Vriende, hoe meer jy die skild van geloof opneem en eenvoudig glo en vertrou wat die Bybel sê, hoe makliker word dit om volgende keer die skild van geloof op te tel.

Die geloof as skild is 'n lewensgewoonte wat ons vir onself moet aanleer. Hoe meer jy glo en vertrou wat die Bybel sê, hoe makliker word dit om dit te glo. Hoe meer jy glo wat die Here se Woord sê, hoe meer leer jy dat jy werklik vir Hom kan vertrou.

So ek wil vanaand vir julle sê, om geloof as skild op te neem is iets wat jy aanleer en ontwikkel. Nie almal se geloof is altyd ewe sterk nie. Nie een van ons se geloof is altyd sterk nie, dis hoekom ons mekaar nodig het. As my geloof swak is, dan is my broer of suster se geloof sterk, en andersom. Dan haak ons spreekwoordelik ons skilde in bymekaar, want as ons saam staan is ons geloof baie sterker as wanneer ons alleen op ons geestelike reis probeer loop.

Vriende, hoe meer jy dit regkry om in vertroue vas te hou aan die waarhede soos opgeteken in God se Woord, hoe makliker word dit om te glo en vir God te vertrou.

Nou hoe neem ons die skild van geloof op? Jy kies elke keer om te bly by die waarheid soos God vir ons in sy Woord leer. Vriende, dis hoekom God se Woord so nb is. Die oomblik wanneer ons die gesag van God se Woord wegneem is ons in die moeilikheid. Elke keer wat Jesus deur Satan in die woestyn versoek was, het Jesus sy antwoord begin met die woorde: daar staan geskrywe. Met elke versoeking het Satan probeer om iets wat die Bybel oor God sê verdraai, hy het Jesus probeer mislei, maar Jesus het elke keer die korrekte verstaan van die Bybel as antwoord teen die versoeking voorgehou.

Nou wil ek jou vra, as Jesus geestelik staande gebly het deur terug te val op die waarhede van God se Woord, dan kan ons ook mos nie anders nie as om vas te hou aan die waarhede van God se Woord nie. Dit vriende, is hoekom dit vir my so kommerwekkend is dat die gesag van die Woord se bevraagteken word.

Wat my ook bekommer is dat mense God se Woord te sleg ken om staande te kan bly teen die versoekinge van Satan. Julle onthou my beeld van God se speelveld.

- Mense ken of nie God se speelveld nie,
- of mense dink God se speelveld het verander,
- of mens dink nie ons hoef God se speelveld ernstig te neem nie.

Maar hierdie speelveld se doel is om ons te beskerm en om vir ons die lewe te gee in oorfloed. Satan gaan alles in sy vermoë doen om alles wat hierin staan verdag te maak of te bevraagteken. Ons wapen teen hierdie aanvalle is om die geloof wat die Here vir ons gegee het op te neem en te kies om te vertrou dat wat hierdie boek ons van die Here leer die volle waarheid is. Ons moet telkens kies vir hierdie waarheid en dit met ons hele wese vertrou.

Wanneer die pyle van Satan kom dan moet ons kan antwoord met die skild van geloof en kan sê: daar staan geskrywe! En omdat daar geskrywe staan, vertrou ons die Here daarvoor.